Erediens: **11de Sondag na Trinitatis**
Gelewer: **11 Augustus 2024 in Kroondal**
Preekteks: **Markus 9: 14-29**
Prediker: **Dominee Anet Dreyer-Krüger**

TEMA: OP DIE KRUKKELYS

Maand lied: "There is a longing in our hearts, O Lord"
Psalm lesing: Psalm 145
Epistel lesing: Efesiërs 2: 4-10
Lied 528 "Leer my U wil, Heer"
Evangelie lesing: Lukas 18: 9-14
Lied 512 "Nader, my God, by U"
Preek
Lied 601 "Die wat die Here wil dien"
(Na die slotgebed) Lied 266 "Ons Vader wat woon in die hemel"

PREEK INLEIDING

Elke sport het sy beserings. Dié van julle wat die Olimpiese spele gekyk het, sou seker gesien het hoe 'n paar atlete as gevolg van beserings aan die kompetisie moes onttrek. Hierdie reël geld ongelukkig ook vir die Spele van die lewe. Ons val, ons kry seer, ons breek, ons twyfel, ons raak depressief. Dis 'n gegewe wanneer jy op aarde leef, dit gaan gebeur, maar hier kan ons dalk iets by sportsterre leer.

Het jy al gesien wat met 'n atleet op die Olimpiese Spele gebeur wanneer hy of sy op die veld 'n besering opdoen of wanneer 'n rugbyspeler tydens die spel seerkry? Probeer hulle op hulle eie van die veld afkruip terwyl die res net staan en toekyk? Nee, onmiddellik is die noodhulp, mediese personeel of spandokter daar om te help. Professionele atlete het selfs 'n hele mediese span om hulle by te staan wanneer hulle aan kompetisies deelneem, want hulle weet dat hulle soms daardie hulp gaan nodig kry.

Ongelukkig gebeur die teenoorgestelde dikwels in die Spele v d lewe. En ja, dit is so, almal is nie altyd bereid om my te help nie, maar dikwels is dit ook my eie skuld. Want ons is nie bereid om vir hulp te vra nie. In die wêreld waarin ons leef definieer ons mos meestal sukses eers as sukses as ek dit op my eie bereik het, as ek die resies sonder hulp wen, want ons wil mos nie erken dat ons ook kan foute maak en val en seerkry nie. En tog is die vinnigste man op aarde nie bang om te vra vir hulp as hy 'n besering opgedoen het nie. Tog sorg alle suksesvolle, individuele sportsterre dat hulle 'n span het waarop hulle kan staatmaak, want hulle weet hulle kan ook moedeloos word en seerkry en siek word.

Hoeveel te meer is dit nie die geval met ons geloof nie? Dis so ironies dat ons, veral wat ons geloof betref, dink dat ons alles alleen moet dra en hanteer, want ons dink dis mos 'n skande om te twyfel, dis 'n sonde om kleingelowig te wees. God en mense sal my verwyt en minag, daarom moet ek maar liewer alleen aansukkel. As ons mooi die Bybel lees, sal

ons daarin agterkom dat dit nie nodig is nie, inteendeel... Kom ons lees wat staan in Markus 9: 14-29.

SKRIFLESING: Markus 9: 14-29.

Jesus maak 'n seun gesond

[14]Toe hulle weer by die ander dissipels kom, sien hulle 'n groot menigte mense daar rondom hulle en skrifgeleerdes wat met hulle redeneer. [15]Die hele menigte was verras toe hulle Jesus skielik sien, en het nader gehardloop om Hom te verwelkom. [16]Hy het vir die skrifgeleerdes gevra: "Waaroor redeneer julle met my dissipels?"[17]Een van die mense het Hom geantwoord: "Meneer, ek het my seun na U toe gebring omdat hy van 'n gees besete is wat hom stom maak. [18]En elke keer as die gees hom gryp, gooi hy hom op die grond neer. Dan kry hy skuim om die mond en hy kners op sy tande, en sy spiere trek saam. Ek het u dissipels gevra om die gees uit te drywe, en hulle kon nie."[19]Jesus sê toe vir hulle: "Ongelowige geslag, hoe lank moet Ek nog by julle wees? Hoe lank moet Ek julle nog verdra? Bring hom hier na My toe."[20]Hulle het die seun na Hom toe gebring. Net toe die gees vir Jesus sien, het hy die seun geweldige stuiptrekkings laat kry. Hy het op die grond neergeslaan en rondgerol, met skuim om die mond. [21]Jesus het vir die pa gevra: "Hoe lank is dit al dat dit hom oorkom?"[22]"Van kleins af," antwoord hy, "en baiekeer het die gees hom al in vuur en in water gegooi om hom dood te maak. As U tog miskien iets daaraan kan doen, kry ons jammer en help ons."[23]"'As U iets kan doen,' sê jy," antwoord Jesus. "Vir die een wat glo, kan alles."[24]"Ek glo," roep die seun se pa dadelik uit. "Help my in my ongeloof."[25]Toe Jesus sien dat 'n menigte mense aangestroom kom, het Hy die onrein gees skerp aangespreek: "Jou stom en dowe gees, Ek gebied jou: Gaan uit hom uit en moet nooit weer in hom invaar nie!"[26]Die gees het hom laat skreeu en hewige stuiptrekkings laat kry en toe uit hom uitgegaan. Dit het gelyk of die seun dood is, sodat baie mense gesê het: "Hy is dood."[27]Jesus het hom egter aan die hand gevat en opgehelp, en hy het opgestaan.[28]Nadat Jesus huis toe gegaan het, toe hulle alleen was, het sy dissipels Hom gevra: "Waarom kon ons die gees nie uitdrywe nie?"[29]Hy het vir hulle gesê: "Hierdie goed kan met niks anders as met gebed uitgedrywe word nie."

PREEK DEEL 2

'n Moedelose pa waag dit om 'n wildvreemde man te vra vir hulp. Sy kind het waarskynlik volgens vandag se mediese wetenskap al sy hele lewe lank aan epilepsie gely en dit het hom stuiptrekkings laat kry. En sy pa het gehoor van hierdie Jesus wat kan wonders doen. Hy was moedeloos, want hulle het al alles probeer maar niemand kon hulle help nie. Jesus van wie hy gehoor het was letterlik sy laaste toevlug. En omdat Jesus aanvanklik nie by sy dissipels was nie, het die pa vir die dissipels gevra om sy kind gesond te maak, want in daardie tyd was dit die opvatting dat die leermeester se volgelinge in staat moes wees om dieselfde dinge te kon doen as die leermeester self. En daarom was daar die verwagting by die pa dat die dissipels ook soos Jesus genesingswonders sal kan doen.

Tot sy teleurstelling kon hulle nie sy kind gesond maak nie. Toe Jesus later daar aankom, vertel die pa vir Jesus wat gebeur het en bring hy die seun as 'n laaste wanhopige poging

na Jesus toe, met die volgende woorde: "*As U tog miskien iets daaraan kan doen, kry ons jammer en help ons." "'As U iets kan doen,' sê jy," antwoord Jesus. "Vir die een wat glo, kan alles." "Ek glo," roep die seun se pa dadelik uit. "Help my in my ongeloof."*

Help my! Hierdie uitroep hoor ons by byna al die mense wat deur Jesus genees is. In Matteus 15 lees ons van die Kanaänitiese vrou wat op haar knieë voor Jesus neerval en hom smeek: "Here, Help my!" Die tien melaatses roep in Lukas 17:13: "Jesus Here, ontferm U oor ons!"; so ook die blinde mans in Lukas 18. En ons lees dat die twee blindes in Matteus 20 net al hoe harder en harder om hulp roep toe die mense hulle probeer stilmaak. Hierdie mense vra almal vir hulp en so maak hulle hulle eie weerloosheid en afhanklikheid bekend. Hulle erken: self kan hulle niks meer aan hulle situasie verander nie.

Die pa van ons teksgedeelte wat sy seun na Jesus toe gebring het, erken eintlik nog meer met die woorde wat hy uitspreek. Hy sê: *As U tog <u>miskien</u> iets daaraan kan doen, kry ons jammer en help ons."* Hy vra dus vir hulp, maar hy maak terselfdertyd daardeur ook sy eie twyfel bekend. Aan die een kant glo hy dat Jesus dalk sal kan help, want hy het immers sy seun gebring, en tog twyfel hy of Jesus werklik iets kan verander aan sy situasie. En dan antwoord Jesus hom: "Jy sê - *as* ek iets kan doen, maar geloof beteken tog dat alles moontlik is vir die een wat glo."

Eintlik praat Jesus ook nou met sy dissipels. Hulle het gedink dat hulle geloof sterk genoeg was om die kind self gesond te maak en tog kon hulle dit nie regkry nie. Hoekom nie? Omdat hulle nie gebid het en gevra het vir hulp nie. Dit sê Jesus ook aan die einde van hierdie gedeelte wanneer sy dissipels Hom vra waarom hulle dit nie kon regkry nie. Hy sê: *"Hierdie goed kan met niks anders as met gebed uitgedrywe word nie."* Met ander woorde, in hulle selfversekerdheid het dit duidelik geword dat die dissipels se geloof eintlik net in hulle eie vermoëns was en nie in Jesus nie, want hulle het gedink dat hulle nie sy hulp nodig gehad het nie.

Die vraag wat eintlik hier na vore kom is: Wanneer is jou geloof sterk genoeg? Wanneer kan jy op jou eie twee voete staan? Wanneer het jy nie meer hulp nodig nie? En die pa antwoord dit eintlik met sy laaste opmerking aan Jesus: "Ek glo, help my waar ek nog ongelowig is!" Dit klink na 'n teenstrydigheid, geloof en ongeloof in die selfde antwoord, dit kan tog nie! Dit kan, want dis om te erken – ek kan net sterk staan as ek vra vir God se hulp. Ek kan net glo as Jesus my ongeloof vergewe en my help. My geloof is sterk genoeg juis wanneer ek besef, op my eie is my geloof nooit sterk genoeg nie! En daarom het ek altyd die vrymoedigheid om te kan bid en te kan vra: "Here, help my in my ongeloof!"

"Ek glo, help my waar ek nog ongelowig is!" Ek en jy is besig om deel te neem aan die Spele van die lewe en ons beur dikwels vorentoe en probeer deurdruk en sterk staan sodat niemand tog 'n swakheid by ons sal kan raaksien nie. Maar eintlik is ons almal op die krukkelys. Ons probeer 'n front voorhou van 'n sterk geloof sodat niemand dalk mag dink dat ons iewers twyfel nie, maar eintlik is ons kleingeloof en selfs ongeloof soos 'n gebrek,

‘n siekte wat ons verhinder om voluit te kan leef. Ons is stukkend, weerloos, seer, maar niemand mag dit sien nie. Ons het genesing nodig, maar ons is te trots om te sê: Help my! Is dit nie dalk waarom niemand ons help nie?

Ons verwyt dikwels mense as ons deur ‘n krisis was en sê dat ons nie ander se ondersteuning gekry het nie, maar het daardie mense ooit geweet dat ek iemand nodig het? As ek die heeltyd ‘n gesig opsit van: “Alles is okay”, hoe sal mense dan weet om my te ondersteun? Ek dink daar is baie meer mense wat bereid is om ons te help as wat ons dink. As ons net weer dit sal waag om hulp te vra, want dit, het ons vanoggend geleer, is waar geloof begin. “Ek glo, help my waar ek nog ongelowig is.” Help my!

‘n Suksesvolle atleet kan net suksesvol wees as hy/sy besef dat hulle ander nodig het. Dat dit hulle span is wat hulle help om suksesvol te wees. En wanneer hulle ‘n besering opdoen, laat hulle toe dat hulle spanlede hulle help en hulle dra, want dit is hulle werk. Jy gaan beserings opdoen in die lewe, jy gaan soms op die krukkelys wees, jy gaan dalk begin twyfel in die geloof. En weet jy, die probleem is nie dat jy op krukke is nie. Die probleem is nie dat jy dalk twyfel nie. Die probleem kom in wanneer jy weier om hulp te aanvaar, wanneer jy nie wil vra vir hulp nie, want daarmee sê jy eintlik jy dink dat jy sonder God en mens kan regkom.

Kom ons gaan leer vandag by die atlete op die krukkelys. Kom ons vra vir hulp sodat ons weer op die been kan kom. Kom ons bid tot God en sê: “Here, help my in my ongeloof.” Want so erken ek nie net my twyfel nie, ek erken ook dat ek afhanklik is van God, en daarvoor het God nog nooit iemand verkwalik nie. Maar moenie dat dit daar ophou nie. Vra ook vir die hulp van ander mense, want geloof is nie veronderstel om ‘n individuele sport te wees nie. God het juis vir ons ‘n gemeenskap van gelowiges gegee sodat ons daar kan wees vir mekaar. Hy het ander mense vir jou gegee as gawes om jou te help waar jy dit nodig het, maar dan moet jy vra.
Onthou, jou span staan agter jou, jou Here staan by jou. Doen die dapper ding: vra vir hulp.
Amen

Dominee Anet Dreyer-Krüger